Pan African - Afr 6/19/09 4:39 PM Page 1 (1,1)

Proof 2 Bus Day and Beeld on the 22/06/09
Melanie de Nysschen 011 583 2000/2316 082 465 8969 melanie.denysschen@macquarie.com
size 44x6
Spell Check MP

**Pan African Resources plc**

(Geïnkorporeer en geregistreer in Engeland en Wallis onder Maatskappywet 1985
met registrasienommer 3937466 op 25 Februarie 2000)
Aandelekode op AIM: PAF
Aandelekode op JSE: PAN
ISIN: GB0004300496
("Pan African" of die "Maatskappy")

# SHANDUKA GAAN SY 26%-AANDELEBESIT IN BARBERTON MINES VIR 'N 21%-AANDELEBESIT IN PAN AFRICAN VERRUIL EN AFSKAFFING EN VERVANGING VAN BESTAANDE SHANDUKA-REGTE

## 1. INLEIDING

Pan African kondig aan dat hy op 18 Junie 2009 'n ooreenkoms gesluit het met Shanduka Gold (Proprietary) Limited ("Shanduka Gold") en Shanduka Gold se beheermaatskappy, Shanduka Resources (Proprietary) Limited ("Shanduka Resources"), (gesamentlik "Shanduka") (die "Aandeleruilooreenkoms") waarby Pan African Shanduka Gold se huidige 26%-aandelebesit in Barberton Mines (Proprietary) Limited ("Barberton Mines") sal verkry in ruil vir die uitreiking van nuwe gewone aandele in Pan African aan Shanduka Gold ("Aandeleruiling" of "Transaksie"). Die nuwe gewone aandele wat aan Shanduka Gold uitgereik gaan word, sal 21% van die vergrote uitgereikte aandelekapitaal van Pan African na die implementering van die Aandeleruiling verteenwoordig. Met implementering van die Transaksie sal Barberton Mines 'n volfiliaal van Pan African word.

## 2. AFSKAFFING EN VERVANGING VAN SHANDUKA SE BESTAANDE REGTE

Shanduka is sekere regte toegestaan wat in besonderhede uiteengesit is in paragraaf 6.4 van Deel VI van die Maatskappy se Voornoteringsverklaring en Hertoelatings-dokument gedateer 4 Julie 2007, welke regte in Augustus 2008 gewysig is (die "Shanduka-regte").

Na implementering van die Transaksie sal die Shanduka-regte afgeskaf en vervang word ingevolge die Aandeleruilooreenkoms. Die Shanduka-regte wat afgeskaf en vervang sal word sluit in:

- die reg toegestaan deur Pan African aan Shanduka Resources waarvolgens Shanduka Resources die opsie het om sy 26%-aandelebesit in Barberton Mines vir 208 611 579 nuwe gewone Pan African-aandele te ruil ("Omswaaireg"); en
- die reg toegestaan deur Pan African aan Shanduka Resources waarvolgens Shanduka Resources die opsie het om in te skryf op 'n bykomende 64 304 622 gewone Pan African-aandele teen 'n 15%-diskonto tot die driemaande volumegeweegde gemiddelde verhandelingsprys van Pan African-aandele op alle markte onmiddellik voor die inskrywing ("Inskrywingsreg").

Benewens die Shanduka-regte hierbo uiteengesit het Shanduka 'n reg om sy aandelebesit in Pan African (indien verkry as gevolg van die Omswaaireg en die Inskrywingsreg) te ruil vir aandele in Metorex Limited ("Metorex"), Pan African se groot aandeelhouer (die "Metorex-omswaaireg"). Na die implementering van die Transaksie sal die Metorex-omswaaireg nie meer deur Shanduka uitgeoefen kan word nie.

## 3. BESONDERHEDEDE VAN DIE AANDELERUILOOREENKOMS

Shanduka Gold sal sy 26%-aandelebesit in Barberton Mines ("Barberton-aandele") aan Pan African verkoop en die Shanduka-regte en die Metorex-omswaaireg sal nie meer uitgeoefen kan word vanaf implementering van die Transaksie nie. As teenprestasie sal Pan African 295 749 157 nuwe gewone aandele in Pan African ("Teenprestasieaandele") aan Shanduka Gold toeken en uitreik, wat 21% van die totale uitgereikte aandelekapitaal van Pan African na implementering van die Transaksie sal verteenwoordig.

## 4. OPSKORTENDE VOORWAARDES

Implementering van die Aandeleruilooreenkoms is onder andere onderworpe aan die volgende opskortende voorwaardes teen laatstens 30 September 2009:

- kennisgewing aan, en tot die mate van toepassing, goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Minister van Minerale en Energie met betrekking tot die voorgestelde verandering in aandelebesit van Barberton Mines ("Ministeriële Goedkeuring");
- die partye 'n beslissing verkry van die Paneel oor Sekuriteiteregulering ("PSR") tot die mate dat die Transaksie nie 'n "geaffekteerde transaksie" uitmaak nie, soos gedefinieer deur die Sekuriteiteregulering kode oor Oornames en Samesmeltings en die Reëls van die PSR (die "Kode"), alternatiewelik, dat die aandeelhouers van Pan African in algemene vergadering afstand doen van hul reg ingevolge reël 8.7 van die Kode om 'n aanbod te ontvang van Shanduka ("Aanbodvoorwaarde");
- die toelating tot verhandeling van die Teenprestasieaandele op AIM en goedkeuring deur JSE Beperk ("JSE") vir die notering van die Teenprestasieaandele op die Alternatiewe Beurs bedryf deur die JSE;
- die direkteure van Pan African, in oorleg met die Maatskappy se Genomineerde Adviseur, beslis dat die voorwaardes van die Transaksie regverdig en billik is teenoor Pan African-aandeelhouers ooreenkomstig AIM-reël 13;
- Metorex, in sy hoedanigheid as belangrike aandeelhouer van Pan African, 'n billikheidsmening verkry ten opsigte van die Transaksie asook enige ander goedkeurings wat nodig is ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE; en
- sodanige ander statutêre en regulatoriese goedkeurings soos wat gebruiklik is by 'n transaksie van hierdie aard, insluitende bevestiging van die UK Panel on Takeovers and Mergers dat die voorwaardes van die City Code on Takeovers and Mergers nie op die Transaksie van toepassing is nie.

Die bogenoemde opskortende voorwaardes, behalwe vir die Ministeriële Goedkeuring en Aanbodvoorwaarde, kan nie kwytgeskeld word nie.

Die effektiewe datum van die Transaksie is die eerste sakedag na die dag waarop die laaste van die opskortende voorwaardes nagekom is of kwytgeskeld is.

## 5. *PRO FORMA* FINANSIËLE UITWERKING

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking soos hieronder uiteengesit is slegs vir illustratiewe doeleindes opgestel om die aandeelhouers van Pan African by te staan om die uitwerking van die Transaksie op die verdienste per aandeel ("VPA"), verwaterde verdienste per aandeel ("VVPA"), wesensverdienste per aandeel ("WVPA"), verwaterde wesensverdienste per aandeel ("VWVPA"), netto batewaarde per aandeel ("NBWPA") en tasbare netto batewaarde per aandeel ("TNBWPA") van Pan African te beoordeel indien die Transaksie op 1 Julie 2008 vir inkomstestaatdoeleindes en 31 Desember 2008 vir balansstaatdoeleindes plaasgevind het.

Dié ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking is openbaar gemaak ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE en as gevolg van die aard daarvan mag dit dalk nie Pan African se finansiële posisie, veranderinge in ekwiteit, resultate van bedrywighede of kontantvloei regverdig weerspieël nie.

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking is nie deur die Maatskappy se ouditeure nagegaan of oor verslag gedoen nie en is die verantwoordelikheid van Pan African se direkteure.

| | Ongeouditeer Voor | Ongeouditeer Na | Verandering % |
|---|---|---|---|
| VPA (pennies) | 0.23 | 0.30 | 29.12 |
| VVPA (pennies) | 0.23 | 0.30 | 29.39 |
| WVPA (pennies) | 0.36 | 0.40 | 11.88 |
| VWVPA (pennies) | 0.35 | 0.39 | 12.12 |
| NBWPA (pennies) | 4.68 | 5.10 | 8.85 |
| TNBWPA (pennies) | 1.56 | 1.67 | 6.68 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele ('000) | 1 100 517 684 | 1 396 266 841 | 26.87 |

## 6. AGTERGROND TOT EN BEWEEGREDE VIR DIE TRANSAKSIE

Veranderinge in die relatiewe waardes van die onderliggende bates van Pan African, gekombineer met die voortgesette uitstekende prestasie gelewer deur Barberton Mines, het daartoe aanleiding gegee dat die Omswaaireg wesenlik "platsak" is uit Shanduka se perspektief. Gevolglik was dit onwaarskynlik vir Shanduka om sy aandelebesit in Barberton Mines te ruil vir 'n aandelebesit in Pan African.

Die direkteure van Pan African beskou dit as verkieslik om die Swart Ekonomiese Bemagtiging ("SEB")-geloofwaardigheid wat tans deur Barberton Mines geniet word, tot Pan African se vlak te verhoog, veral in die lig daarvan dat Pan African sy opsie uitgeoefen het om die totale uitgereikte aandelekapitaal van Phoenix Platinum (Pty) Limited te verkry, soos op 21 Mei 2009 aangekondig.

Die direksie is ook ingenome daarmee om die SEB-geloofwaardigheid op Pan African se vlak te verkry sonder die risiko dat dié geloofwaardigheid sal verwater in die geval dat Shanduka die Metorex-omswaaireg uitoefen. Die direksie beskou dus die beëindiging van die Metorex-omswaaireg as positief vir Pan African-aandeelhouers.

Verder beskou die direksie dit as verstandig om die Pan African-groepstruktuur te vereenvoudig deur die verkryging van die totale uitgereikte aandelekapitaal van Barberton Mines, en deur dit te doen:

- die toeskryfbare goudonse aan Pan African aansienlik te vermeerder tot ongeveer 100 000 onse per jaar; en
- die aandeelhouersooreenkoms te beëindig wat tans op Barberton Mines se vlak bestaan ("Barberton-aandeelhouersooreenkoms"), en daardeur die bedrywighede van die groep verder te vereenvoudig.

Barberton Mines sal voortgaan om voordeel te trek uit 'n bemagtigingsooreenkoms gesluit tussen Shanduka en Barberton Mines ("Bemagtigingsooreenkoms") verwys na in die Barberton-aandeelhouersooreenkoms, omrede die Aandeleruilooreenkoms spesifiek voorsiening maak dat die Bemagtigingsooreenkoms sal voortgaan nieteenstaande die outomatiese beëindiging van die Bemagtigingsooreenkoms sodra Shanduka ophou om aandele in Barberton Mines te hou.

Gebaseer op die middelmarksluitings van 'n Pan African-aandeel op 18 Junie 2009 van 5.125 pennies, is die waarde van die Teenprestasieaandele ongeveer £15.2 miljoen. By implementering van die Transaksie sal Pan African 100% van Barberton Mines besit, wat in die jaar geëindig 30 Junie 2008 geouditeerde omset van ZAR576 256 906 en wins na belasting van ZAR119 627 426 gerapporteer het.

## 7. VOORGESTELDE AANSTELLINGS OP DIE DIREKSIE

By implementering van die Transaksie word daar voorgestel dat twee verteenwoordigers van Shanduka op die Pan African-direksie in 'n nie-uitvoerende hoedanigheid aangestel word.

## 8. INLIGTING OOR BARBERTON MINES

Barberton Mines bestaan uit drie bedryfsmyne, naamlik Fairview, New Consort en Sheba, geleë in die Landdrosdistrik van Barberton, Mpumalanga-provinsie, Republiek van Suid-Afrika, ongeveer 370 km oos van Johannesburg en 47 km suidwes van Nelspruit. Vir die jaar geëindig 30 Junie 2008 het Barberton Mines 99 078 onse goud verkoop teen 'n geweegde gemiddelde prys van VS$783 per ons teen 'n kontantkoste van VS$451 per ons.

## 9. INLIGTING OOR SHANDUKA

Shanduka maak deel uit van 'n vooraanstaande SEB-beleggingsbeheer-maatskappyegroep onder swart beheer en bestuur wat in November 2000 gestig is. Die groep se beleggingsaktiwiteite sluit in Hulpbronne-, Finansiële Dienste-, Eiendom-, Energie- en Drinkgoed. Shanduka het 'n aantal beleggings in die edelmetaal-, steenkool-, diamante-, mynboudienste-, papier- en bosbou-gebiede gedoen. Die Shanduka-groep se belangrikste aandeelhouers sluit in die Ramaphosa-familietrust, die Lilitha-konsortium ('n breedgebaseerde vrouegroep), die Shanduka-stigting (meer as 65 000 histories benadeelde individue is bevoordeeldes), bestuur, personeel, en finansiële instellings.

## 10. VERDERE INLIGTING

Aandeelhouers sal te geleëner tyd ingelig word oor die nakoming van die opskortende voorwaardes.

Pan African se Hoof Uitvoerende Beampte, Jan Nelson, het soos volg opgemerk:

*"Ons beskou hierdie transaksie as 'n vermeerdering in waarde vir al ons aandeelhouers. Shanduka se ruiling van 26% in Barberton vir 21% in Pan African beteken dat die Maatskappy die volledige toeskryfbare wins van Barberton op sy verdienste sal toepas."*

*"Shanduka sal op sy beurt SEB-status aan Pan African verleen, eerder as 'n individuele bate. Ons sien daarna uit dat Shanduka 'n aktiewer vennoot sal wees wanneer hul twee direksiesetels aanvaar as gevolg van die omswaaiing."*

Rowan Smith, Hoof Uitvoerende Beampte van Shanduka Resources, het daarby gevoeg:

*"Ons is in ons skik om 'n belangrike aandeelhouer van Pan African te word, omdat ons glo dat hierdie Transaksie ons sal toelaat om te baat uit Pan African se strategie om kwaliteit bates te bedryf en te ontwikkel. Ons sien daarna uit om in noue samewerking met die bestuurspan te wees om hierdie edelmetaal-medium verder te ontwikkel."*

19 Junie 2009

| Borg | Korporatiewe Adviseur vir Pan African | Regsadviseur vir die Korporatiewe Adviseur |
|---|---|---|
| MACQUARIE | BARNARD JACOBS MELLET Corporate Finance | DLA CLIFFE DEKKER HOFMEYR |

Vir verdere inligting oor Pan African Resources plc, besoek gerus die webtuiste by www.panafricanresources.com

**Navrae:**

**Pan African Resources**

Jan Nelson, *HUB* +27 (0) 11 243 2900
Keith Spencer, *Voorsitter* +27 (0) 11 880 3155
Nicole Spruijt, *Openbare Skakeling* +27 (0) 11 243 2900

**RBC Capital Markets**

Martin Eales
+44 (0) 20 7029 7881

**Macquarie First South Advisers (Pty) Limited**

| | | | |
|---|---|---|---|
| TNBWPA (pennies) | 1.56 | 1.67 | 6.68 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele ('000) | 1 100 517 684 | 1 396 266 841 | 26.87 |
| Getal uitgereikte aandele ('000) | 1 100 589 162 | 1 396 338 319 | 26.87 |

**Aantekeninge:**

1. Die VPA, VVPA, WVPA en VWVPA, soos uiteengesit in die "Ongeouditeer Voor"-kolom van die tabel, is gebaseer op Pan African se gekonsolideerde ongeouditeerde tussentydse resultate soos op 31 Desember 2008 soos op 26 Februarie 2009 aangekondig.
2. Die NBWPA en TNBWPA, soos uiteengesit in die "Ongeouditeer Voor"-kolom van die tabel, is gebaseer op Pan African se gekonsolideerde ongeouditeerde tussentydse resultate soos op 31 Desember 2008 soos op 26 Februarie 2009 aangekondig.
3. Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en stem ooreen met die rekeningkundige beleid toegepas deur Pan African vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2008.

Martin Eales
+44 (0) 20 7029 7881

**Macquarie First South Advisers (Pty) Limited**
Thato Morojele +27 (0) 11 583 2379
Annerie Britz +27 (0) 11 583 2328
Melanie de Nysschen +27 (0) 11 583 2316

**St James's Corporate Services Limited**
Phil Dexter
+44 (0) 20 7499 3916

**FDBeachhead Media & Investor Relations**
Jennifer Cohen +27 (0) 11 214 2401
Louise Brugman +27 (0) 83 504 1186

INCE